# Die Kruin-o-gram

Uitgawe 1 — 02 Augustus 2020

## 1 Konings 3:2-15

Salomo bestyg die troon as 'n jong man, in sy eie oë nog 'n seun (vs 7). So bewus van sy onkunde en gebrek aan ervaring! Hy moet oor 'n baie groot volk regeer, só talryk dat hulle nie getel of bereken kan word nie. Israel is op die piek van sy bestaan! Waarskynlik het Salomo nie gedink dat hy vir Dawid sou opvolg nie – daar was immers ouer broers. Hy was een van die jongste seuns van Dawid. Ons kan die huiwering en onsekerheid in sy gemoed verstaan.

Hy begin sy koningskap deur vir die Here, wat hy liefgehad het (vs 3) offers te bring, 'n duisend brandoffers! Die vernaamste plattelandse heiligdom was in Gibeon geleë en omdat daar nog geen tempel in Jerusalem was nie, het Salomon a Gibeon toe gegaan om offers te bring en so die Here te vereer. Later het die heiligdomme wat ook "hoogtes" genoem is, die sentra van afvalligheid geword.

Dan verskyn die Here aan hom en nooi vir Salomo uit om te kies wat hy vir sy koningskap as gawe van die Here begeer. Salomo besef dat die amp van koning besondere bekwaameheid en toerustig vereis. Salomo verkies wysheid! Die gawes wat hy vra, is gevolglik daarop gerig om die volk beter te regeer, met name om die regspraak met wysheid te boefen.

Die Here het die versoek baie verstandig gevind en daarby ook nog aansien en rykdom bygevoeg. 'n Belangrike toevoeging is 'n verdere belofte van 'n lang lewe. Dit is egter gekoppel aan 'n voorwaarde, naamlik dat Salomo volgens God se voorskrifte moes lewe. Uit dankbaarheid gaan offer Salomo in Jerusalem voor die verbondsark, die simbool van die teenwoordigheid van die Here.

Wat is wysheid? Wysheid beteken nie noodwendig dat die houer daarvan 'n vlymskerp verstand het nie. Ons lees in Job 28:28: "Om die Here te dien, dit is wysheid, om die kwaad te vermy, dit is insig." Vir Salomo gee die Here beide: wysheid én insig, meer as enigeen voor of na hom (vers 12)!

Vir ons is dit in Christus 'n heerlike werklikheid: Christus is die wysheid van God (1 Korintiërs 1:24). Wie in Hom glo, hét wysheid. Maar ons mag ook wysheid begeer. Jakobus moedig ons juis aan: "As een van julle (ons) wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, wat God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyt" (Jakobus 1:5).

Wysheid, niks anders nie, laat ons 'n sinvolle lewe leef, laat ons vervul en vergenoeg en tevrede deur ons hele aardse lewe gaan, in voorspoed en teëspoed.
Want wie Jesus, die Wysheid van God, het, het die LEWE!

**Verwelkoming**
Gebruik gerus hierdie tyd om jouself geestelik te fokus en te nader tot God.

**Afkondigings**
Belangrike inligting word gedeel.

**Getuienis & Sorg**
Ruimte word geskep waar ons in mekaar se blydskap en leed kan deel.

**Votum & Seëngroet**
'n Uitroep oor die karakter en identiteit van die Here wat ons dien.
- Spreuke 3:19-20 -

**Wet**
- Jakobus 1:2-6 -

**Loflied**
- O, diepte van U wysheid (JSB 036) -

**Kinderfase**
Kinders word uitgenooi om ook deel te vorm van die Erediens.

**Skriflesing en Oordenking**
- 1 Konings 3:2-15 -

**Vryspraak**
- 1 Konings 8:37-39 -

**Seën en Amen**
Ons word gegroet met 'n seënbede waarop ons antwoord met 'n amen.
- Soek allereers (LB 471) -

# Delf dieper

## Wees wys

**#Bybelvasvra:**

Watter boek in die Ou Testament word vermoed is deur koning Salomo geskryf?

Hierdie gedeelte tot die Kruin-o-gram is spesifiek gemik op die jongmense, die tieners in ons gemeente. Hier daag ons, ons tieners uit om op drie vlakke te groei in hul geloof - 1) vir mekaar, 2) na God, 3) en na mense daar buite. Die doel van *Delf dieper* is dat ouers en tieners saam kan praat oor die Skriflesing aan die hand van die boonste oordenking, sodat die hele gesin tot 'n nuwe verstaan kan kom van die Bybel. Wanneer die gesin dus weer bymekaar kom, vra die volgende vrae vir mekaar en sien hoe die Gees van God in jou gesin beweeg.

### 1) Na mekaar:

1. Hoe gaan dit met jou?
2. Wat beteken die term - wysheid?

### 2) Na God:

1. Lees 1 Konings 3:2-15 (Om jou te help lees die oordenking op die vorige bladsy).
    a. Wat val jou op? Wat in die gedeelte raak jou hart?
    b. Watter vrae maak hierdie gedeelte in jou wakker?
2. Sou jy sê Salomo het met wysheid opgetree? Hoekom?

### 3) Na mense:

1. Hoe kan jy wysheid uit lewe vandag?
2. Doen: Lewe vandag met daardie wysheid.




# Koning Salomo se versoek

## 1 Konings 3:2-15


Lees hierdie week se gedeelte uit die Bybel om die vrae hieronder te beantwoord. Vra vir iemand om jou daarmee te help as jy miskien sukkel. Wanneer jy dit lees, let op wat Salomo vra en wat God toe vir hom gee.



1. Hoekom het die mense nog op die “hoogstes geoffer”?
2. Hoe het Salomo sy liefde vir God gewys?
3. Wie was Salomo se pa?
4. Waarheen het Salomo gegaan om ‘n offer te bring?
5. Wat vra die Here vir Salomo in sy doom?
6. Wat is die versoek wat Salomo aan God rig? (vers 9)
7. Hoekom sê God dat Hy aan Salomo se versoek sal voldoen? (vers 11)
8. Wat gee God dan aan Salomo? (vers 12-14)
9. Wat het Salomo gedoen toe hy wakker word?



Toe Salomo koning geword het, het hy geweet dat hy God se hulp nodig het om ‘n goeie koning vir Sy volk te wees. Daarom het hy gevra vir wysheid toe God aan hom verskyn in sy droom. Hy het nie eers gevra vir baie geld of mag nie. Wat ons hieruit kan leer is dat ons ook vir God moet vra vir hulp en wysheid. Dit sal vir ons moeilik wees om dinge in die lewe alleen en sonder God aan te pak. Daarom moet en kan ons altyd vir God vra vir hulp, insig en wysheid in die dinge wat ons moet doen in ons lewe. God sal jou altyd help en wysheid gee, selfs in oorvloed



(Inkleurprentjie uit: *Die groot Bybel vir klein hartjies: Ou Testament inkleur-en-aktiwiteitsboek* )

# Verjaarsdae

| | |
|---|---|
| **Sondag 02 Augustus** | |
| Gieluiam Oberholzer | 083 379 5919 |
| JP Simons | 079 881 7716 |
| **Maandag 03 Augustus** | |
| Benita Meyer | |
| **Dinsdag 04 Augustus** | |
| Johan Ferreira | 079 222 6235 |
| Gerhard Wilkins | 011 053 9008 |
| **Woensdag 05 Augustus** | |
| Brendon Coupe | |
| **Donderdag 06 Augustus** | |
| Mara Barnard | |
| Antoinette Grundling | 076 812 0644 |
| Gertruida Struwig | 083 883 7041 |
| **Vrydag 07 Augustus** | |
| Elza Grove | 082 578 1393 |
| Hanneli Schonken | 012 332 5980 |
| **Saterdag 08 Augustus** | |
| Donevin Joubert | 012 804 5578 |

**Beste wense vir 'n gelukkige Nuwe lewensjaar !!**

# Gebedslys


**KANKER**
Ria Potgieter - Ina Shakelton - Ester Boshoff - Wilma Swanepoel
Karen Botha - Frans Stone - Terry Schoeman - Minie Erasmus
Elleny Engelbrecht - Mina Van Jaarsveld
Flip Roodt – Tarien Jooste - Bets Greyling
Marquesta Pienaar

**GESONDHEID**
Kathy Belelie - Koos Barkhuizen - Tienie Wessels
Sarie Vermaak - Pop Swart - Delport Gesin - Johan Voster
Salty Du Rand - Lettie Botes - Charmaine Brouwer

**AFSTERWE**
Dalena se "oom" Willie

**SWANGERSKAPPE**
Lize en Alexis Kok - Talita en Francois Moller
Beyers en Liezel Slabbert

**ONS BID OOK VIR DIE**
ekonomie
emosionele welstand van almal in on land




**Webtuiste:**
silvertonkruins.co.za

**Facebook:**
@Silvertonkruin

**Instagram:**
@Kruinjeug_ng

**Youtube:**
www.youtube.com/c/Silvertonkruin

# Hoe om Zapper te gebruik

1. Scan die QR-kode
2. Sit in bedrag
3. Kliek op betaal

Let wel dit werk met jou persoonlike bank (FNB, ABSA, Nedbank ens.) se toepassing ook.

**Bankbesonderhede:**
N.G. Silvertonkruin
ABSA - 632005
Tjek rekening: 70580888

zapper™

**Kerkkantoor:**

**Telefoon: 012 804 3577**
**Faks: 086 545 7151**
**e-posadres:**

**admin@silvertonkruins.co.za**

**Kerkkantoor ure:**
**Maandae - Vrydae 09:00 - 13:00**